Boophone (voorheen Boophane) disticha

E: Candelabra flower, Bushman poison bulb
A: gifbol, malgif
D: Faecherlilie, -zwiebel
Ek kon nie 'n ander Otjiherero-naam vind as onyanga, wat "ui" beteken; ek soek nog verder.

Die "gifbol" is een van BAIE verskillende giftige bolplante, maar seker een van die giftigstes. Talle sterftes onder mens en dier is opgeteken en bevestig oor die jare heen. Hierdie baie aantreklike plant kom wyd verspreid in sentraal en amper die hele suidelike Afrika voor, buiten die droë westelike dele.

Die HELE plant is giftig en soos die Afrikaanse naam aandui, tas die gif die brein aan. Onder inboorlinge in die hele Afrika is dit 'n gewilde hulpmiddel by selfmoordpleging ('n stuk van die ui word rektaal of vaginaal ingevoer.....miskien nogal 'n lekker manier om "high" heen te gaan....)

Plantdele wat gebruik word, is eintlik maar die ui en ook die blare.
Die pienk tot maroonkleurige blomme is baie aantreklik; hulle vang die oog en ruik ook sterk nie te onaangenaam nie; MAAR WEES GEWAARSKU, Dames: moenie pluk en in die huis vir versiering sit nie, tensy die vertrek goed belug is! Dit kan kopseer en dik rooi oë veroorsaak. Die rooi kleur is seker nie NET 'n aanlokmiddel vir insekte nie, dis ook 'n waarskuwing, dink ek. Nadat die blomme bestuif is, verlep hulle, maar die blomstele begin groei om 'n groot ronde "strale-bal" te vorm. Op die punte sit die sade (wit bolletjies in 'n bruin "kardoes"). As die hele deel ryp/droog is, breek dit af en word deur die wind vorentoe gedryf. So val die sade uit en word versprei. Die "strale-bal" kom dikwels in 'n draad tot stilstand en wag daarop om deur iemand opgetel en in die huis vir versiering teen die plafon opgehang te word.

Medisinale gebruike:

- Die droë papieragtige buitenste lae van die ui kan baie effektief as wondpleister gebruik word (benat met olie of melk, sit op). Dit werk bloedstollend by oop wonde/snye, ens. letwat verdowend/pynstillend en trek etter en vuilgoed uit by absesse en pitsere.

- Histeria op psigotiese aggressiewe gedrag kan bedaar word deur van die skille van die ui in die kussing /matras in te sit (waar die persoon lê). Dit help ook om slapeloosheid te oorkom.

- Ook as pyl- en/of visgif word dit by inboorlinge vandag nog gebruik. Dit is vrylik by elke "muti-mark" in hele Afrika beskikbaar.

- Medisynmanne laat hulleself d.m.v. inaseming/dalk ook rook van hierdie gif in die toekoms of die verlede "dra" en/of kry toegang tot die siele van die voorvaders wat raad gee.

- In enige rotstuin 'n aanwins! Wees net bewus van sy giftigheid en waarsku onwetendes, VERAL KINDERS.

Ek hoop, hierdie baie interessante plant prikkel almal om meer van ander interessante plante te lees.

Bronnelys:
People's Plants (Ben-Erik van Wyk en Nigel Gericke)
Wild flowers, waterplants en grasses of the Okavango Delta and the Kalahari (Veronica Roodt)
Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)
Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.von Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff